

'n Lewe van tevredenheid Hebr 13:1-6

13 As broers moet julle mekaar altyd liefhê. ²Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves. ³Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan dié wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word.

⁴Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.

*⁵Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê:
"Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."* ⁶Daarom kan ons met vertroue sê:
*"Die Here is my helper,
ek ken geen vrees nie:
wat kan 'n mens aan my doen?"*

2 Tim 6:6-10

⁶Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het, ⁷want ons het nikks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook nikks daaruit wegneem nie. ⁸As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees. ⁹Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. ¹⁰Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulself baie ellende op die hals gehaal.

*Christene is bevoorregte en geseënde mense wat dankbaar God dien!
Ons lewe wys hoe geseënd en dankbaar ons is (vs 1-6) Veral deur tevredenheid (5,6)*

GOD IS VIR ONS IN ALLE OMSTANDIGHEDE GENOEG

Drie kragtige motiverings tot 'n lewe van tevredenheid:

- 1 Dit is wat God wil hê (5b)**
- 2 Die alternatief is selfvernietigend (5a en 1 Tim 6)**
- 3 Die versekering van God is oorgenoege rede (6)**

Saampraat

- 1 Hoe skaars is die eienskap van tevredenheid, volgens jou, in mense se lewe ?**
- 2 Waarom sukkel ons om 'n lewe van tevredenheid te leef ?**
- 3 Wat in hierdie gedeelte help jou op die pad na groter tevredenheid ?**
- 4 Hoe kan ons mekaar help om meer tevrede te wees ?**